NG Gemeente Elarduspark

NG Elarduspark
die gemeente wat omgee

# JAARVERSLAG: GEMEENSKAPSONTWIKKELING EN VOORKOMINGSDIENSTE

1 April 2024 - 31 Maart 2025

Saamgestel deur A Roux

## INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| 1 | INLEIDING | 4 |
| 2 | TOERUSTING: PROJEKTE EN AKSIES OMGEE EN UITREIK | 6 |
| 2.1 | Toerusting om mekaar met ons gawes te dien | 6 |
| 2.2 | Ondersteuning aan bedieninge | 7 |
| 2.3 | Toerusting vir die uitdagings van die lewe | 7 |
| 2.3.1 | Huweliksvoorbereiding | 7 |
| 2.3.2 | Alpha huwelikskursus | 7 |
| 2.4 | Netwerk | 8 |
| 3 | UITREIK BEDIENINGE | 9 |
| 3.1 | Pretoria en omgewing | 9 |
| 4 | OMGEE: UITREIK NA 'N WÊRELD IN NOOD | 12 |
| 4.1 | Uitreik na mense se emosionele nood | 12 |
| 4.1.1 | Pastorale spreekkamer | 12 |
| 4.1.1.1 | Dr. Lieze Meiring | 12 |
| 4.1.1.2 | Maatskaplike werk dienste op voorkomingsvlak | 13 |
| 4.1.2 | Kompasbediening | 14 |
| 4.1.2.1 | Ondersteuning aan persone | 14 |
| 4.1.2.2 | Ondersteuning aan versorgers | 18 |
| 4.1.2.3 | GriefShare Ondersteuningsprogram | 18 |
| 4.1.2.4 | Miskraam / Stilgeboorte | 19 |
| 4.2 | Uitreik na mense se konkrete nood | 19 |
| 4.2.1 | Christelik Maatskaplike Raad (CMR) Elarduspark | 19 |
| 4.2.2 | Finansiële ondersteuning | 19 |
| 4.2.3 | Brood-op-die-Water-Projek | 21 |
| 4.2.4 | Manna-Projek | 23 |
| 4.2.5 | Kleretrommel | 24 |
| 4.2.6 | Warm-Winter-Wollies | 25 |
| 4.2.7 | Kersgeskenke-Projek | 26 |
| 4.2.8 | Liefde in Aksie | 26 |
| 4.2.9 | Ons Huis | 27 |
| 4.2.10 | Jakaranda Kinderhuis | 28 |
| 4.2.10.1 | Huis 13 | 28 |
| 4.2.10.2 | Jakaranda Kinderhuis Kliniek | 29 |
| 4.3 | Uitreik deur mense te bemagtig | 30 |
| 4.3.1 | Jacob's Well Elardusvallei Tak | 30 |
| 4.3.2 | Thusanang | 31 |
| 4.3.3 | Huiswerkerbediening | 33 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.3.4 | Opleiding aan huiswerkers in basiese pasiëntsorg | 34 |
| 4.4 | Uitreik na ander gemeenskappe | 35 |
| 4.4.1 | !Khomani Uitreik | 35 |
| 4.4.2 | Personeeluitreik op Mandeladag | 36 |
| 5 | AFSLUITING | 37 |


# 1 INLEIDING

Die betrokke Jaarverslag strek vanaf **1 April 2024 tot 31 Maart 2025** en dek die bedieninge en projekte van Omgee en Uitreik van die NG Gemeente Elarduspark sowel as die voorkomingsdienste deur die CMR-kantoor.

Soos elke jaar, is die jaarverslag 'n geleentheid vir elke bediening om te besin oor dit wat hulle in die afgelope jaar kon bydra om die gemeenskap te dien met hulle gawes. Dit bly vir ons as personeel 'n seën om te deel in die voorreg om diensbaar te wees.

Ons hoop dat elkeen wat hierdie verslag lees, ook geïnspireer sal word deur die ywer en toewyding waarmee lidmate die gemeente se leuse en geloofsdoelwitte uitleef. Ons is voorwaar 'n gemeente wat omgee.


Die NG Gemeente van Elarduspark se oortuiging is dat God elke mens oor alle grense heen liefhet. Om die oortuiging deel van ons geloofslewe te maak, het ons as gemeente vir ons vyf geloofsdoelwitte gestel nl.:




Ons eer God as die middelpunt van ons lewe




Ons aanvaar mekaar as die familie van die Here



Ons groei om soos Christus te wees.



Ons dien mekaar met ons gawes



Ons reik uit na die Wêreld in nood

As die gemeente se 'arm' wat vir die barmhartigheidsdiens van die gemeente verantwoordelikheid neem, fokus Omgee en Uitreik meestal op die laaste twee doelwitte, naamlik om mekaar met ons gawes te dien en om uit te reik na 'n wêreld in nood. Die ideaal is om soveel moontlik geleenthede te skep waar lidmate hulle gawes kan aanbied in diens van diegene wat behoeftes ervaar.

Omgee en Uitreik se primêre doelwit is:

**Om deur vennootskappe/ deelname, met deernis en respek**

- **Verhoudings te herstel**
- **Selfstandige funksionering te bevorder.**

Omgee en Uitreik se projekte en aksies word hoofsaaklik deur vrywilligers gekoördineer en bestuur, wat meestal uit gemeentelede van die NG Gemeente Elarduspark bestaan. Die taak van die personeel fokus hoofsaaklik daarop om hierdie vrywilligers te bemagtig en te ondersteun.

Daar is wel programme wat deur van die personeel self aangebied word. Die *Alpha Huwelikskursus* waarvoor dr. Lieze Meiring met die hulp van Hannes van den Berg verantwoordelikheid aanvaar het, die pastorale spreekkamer wat hoofsaaklik deur dr. Lieze Meiring en me. Anel Roux behartig is, die Jacob's Well bediening wat deur me. Anel Roux gefasiliteer is, sowel as die maatskaplike werk dienste op voorkomingsvlak. Die statutêre werk word deur die Christelike Maatskaplike Raad (CMR) Elarduspark verrig deur Me. Annelize Human, 'n geregistreerde Maatskaplike Werker.

Die volgende personeel is in diens by die CMR kantoor:

| Personeellid | Posisie |
|---|---|
| Dr. Lieze Meiring | Leraar: Omgee en Uitreik |
| Me. Anel Roux | Maatskaplike werker: Gemeenskapsontwikkeling en Voorkomingsdienste (6/8) |
| Me. Annelize Human | Maatskaplike werker: Statutêre dienste (5/8) |
| Me. Amanda Venter (tot 28 Februarie 2025)<br>Me. Alida Keet (vanaf 1 Maart 2025) | Administratiewe en finansiële beampte (6/8) |

Die maatskaplike werker moet jaarliks 20 CPD punte bekom. Kerksondermure het die afgelope paar jaar 'n forum met 8 opleidingsessies per jaar gereël. Die maatskaplike werker woon die sessies by.

Die CMR Elarduspark het ook 'n bestuurspan wat die kantoor se werk ondersteun, bevorder en bestuur. Die bestuurslede is:

| Bestuurslid | Posisie |
|---|---|
| Dr. Lieze Meiring | Voorsitter |
| Mnr. Gerhard Olivier | Ondervoorsitter |
| Mnr. Hannes van den Berg | Tesourier |
| Ds. Leon Westhof | Addisionele lid |
| Mnr. Leon van den Berg | Addisionele lid |
| Me. Marlise Viljoen | Addisionele lid |

Die bestuur vergader twee keer per jaar. Die algemene jaarvergadering het plaasgevind op 12 Junie 2024 en die ledevergadering op 23 Oktober 2024. Die maatskaplike werker het die jaarverslag op 6 Augustus 2024 met die Kerkraad tydens 'n Kerkraadsvergadering bespreek.

Onder leiding van mnr. Gerhard Olivier het die CMR gedurende 2023/2024 'n **strategiese plan** vir die volgende drie jaar (2024-2026) opgestel. Die doel is om die gemeente ten opsigte van haar verantwoordelikheid in die gemeenskap tydig te

posisioneer om die sosio-ekonomiese dinamika in die stad, 'n vinnig veranderende demografie en 'n groeiende behoefte vir meer hulpbronne tydig aan te spreek. Hierdie plan is die produk van indieptegesprekvoering met die personeel en gemeentelede wat reeds jare betrokke is by Omgee en Uitreik en veral die CMR-kantoor. Die uitkoms van hierdie gesprekke in Oktober 2023 was 'n omvattende dokument wat op skrif gestel is deur dr. Faure Louw en ds. Leon Westhof wat die gesprekke met al die rolspelers gelei het.

Die plan fokus op die volgende strategiese uitdagings:

- Fondswerwing vir spesifieke goedgekeurde gemeenteprojekte.
- Gesonde ondersteunende verhoudings met belangrike plaaslike rolspelers, soos die skole, ander kerke en kleuterskole in die omgewing.
- Vennootskappe met relevante eksterne rolspelers soos die bestuur van die Garsfontein Polisiestasie, die hof en omliggende gemeenskap forums.
- Effektiewe kommunikasie binne die gemeente en gemeenskap oor die behoeftes, tendense, intervensies, asook vordering en impak van die plan.
- Proaktiewe ondersteuning om personeelwelstand te bevorder en ontwikkelingsgeleenthede aan hulle te bied.

Die doelwitte van die plan rig die dienste van die CMR-kantoor op 'n deurlopende basis.

Omgee en Uitreik fokus hoofsaaklik op drie kategorieë van dienslewering:

- **Toerusting:** Om mekaar met gawes te dien. Hier word eerstens gefokus op kursusse wat aangebied word om mense wat ander wil dien met hulle gawes, toe te rus vir hierdie taak en tweedens om mense toe te rus om die uitdagings van die lewe aan te pak.
- **Uitreikbedieninge:** Die bedieninge fokus op uitreike na mense op die basis van vriendskapsevangelisasie.
- **Omgeediens:** Uitreik na 'n wêreld in nood. Hier word gefokus op die bedieninge wat deur projekte en programme uitreik na die wêreld in nood.

Elke bediening lewer afsonderlik verslag oor hulle werksaamhede. Daar word gepoog om elke bediening se eie "identiteit" sover moontlik te behou.

# 2 TOERUSTING: PROJEKTE EN AKSIES VAN OMGEE EN UITREIK

## 2.1 Toerusting: Om mekaar met ons gawes te dien

Dit is vir Omgee en Uitreik belangrik om mense wat aanmeld om ander te dien met hulle gawes, toe te rus vir hierdie belangrike taak.

In die eerste plek gaan dit daaroor dat hulp wat aangebied word, nie die ontvanger van die hulp of die helper moet seermaak nie. Toerusting vind plaas soos nodig gedurende die jaar.

## 2.2 Ondersteuning aan bedieninge

Een van die doelwitte van die pos van *Maatskaplike Werker: Gemeenskapsontwikkeling en Voorkomingsdienste*, is om die bedieninge van die gemeente te bemagtig en te ondersteun.

Deurlopende ondersteuning word aan die leiers van die bedieninge gegee tydens die 3 vergaderings per jaar en individueel soos nodig.

## 2.3 Toerusting vir die uitdagings van die lewe

Hierdie deel van Omgee en Uitreik fokus daarop om mense wat deur trauma of moeilike situasies in hulle lewe gekonfronteer word, toe te rus om hierdie uitdagings met kreatiwiteit aan te pak, of deur 'n ander lens na die situasie te kyk om sodoende meer kreatiewe oplossings te vind.

### 2.3.1 Huweliksvoorbereiding

Die Huweliksvoorbereidingskursus word deur dr. Lieze Meiring aangebied. Twee kursusse is aangebied:

- Augustus/September 2024, wat deur 5 paartjies bygewoon is.
- Februarie/Maart 2025, wat deur 8 paartjies bygewoon is.

### 2.3.2 Alpha huwelikskursus

Die bekende Alpha huwelikskursus word wêreldwyd gebruik om 'n verskil te maak in mense se lewens. Die kursus wat nuut verfilm is, is nog steeds dieselfde kursus, net met 'n nuwe baadjie en baie treffend. Die kursus word aangebied onder leiding van gemeentelede Hannes en Carin van den Berg.

Die huwelikskursus word aangebied in die vorm van 'n restaurant opset waar elke paartjie by hulle eie tafel sit en eet by kerslig soos met 'n "date-night". Hulle kyk dan saam na die video en werk deur die kursusmateriaal met geskikte oomblikke waar hulle dit met mekaar bespreek. Daar vind geen groepsbesprekings plaas nie. Dit is 'n praktiese kursus wat bestaan uit sewe sessies wat oor sewe weke aangebied word, gewoonlik op 'n Donderdagaand by NG Elarduspark gemeente.

Die temas wat behandel word is as volg:

- "Strengthening Connection"
- "The Art of Communication"
- "Resolving Conflict"
- "The Power of Forgiveness"
- "The Impact of Family"
- "Good Sex"
- "Love in Action"

In die afgelope jaar is die kursus bygewoon deur 15 pare. Een van die pare het dit aanlyn gedoen. Almal het baie baat gevind by die temas wat behandel is en het getrou die verskillende sessies bygewoon.

Die kursus word al vir baie jare by NG Elarduspark gemeente aangebied en die positiewe terugvoer wat elke keer ontvang word, maak van die kursus 'n wenner. Die piekniekformaat werk goed en ons sal dit weer so doen. Die kursus word net eenmaal per jaar aangebied.




## 2.4 Netwerk in die gemeenskap

Die CMR-kantoor het in die verlede die behoefte geïdentifiseer om 'n netwerkgeleentheid te reël tussen professionele persone in hulpprofessies in die gemeenskap. Hierdie was so 'n groot sukses in die verlede, dat dit jaarliks aangebied word. Die Kompasbediening help hiermee. Die doel is om "gesig" te gee aan diegene met wie die Pastorale Spreekkamer en/of CMR kontak het of mag hê in die toekoms. Dit versterk ook die onderlinge band in die gemeenskap.

Die netwerkgeleentheid is gehou op 24 Mei 2024. Ongeveer veertig (40) persone uit die gemeenskap het die geleentheid bygewoon. Dit sluit in maatskaplike werkers, sielkundiges, beraders, predikante, medici, jeugwerkers, ens. Me. Petro Theron, direkteur van FAMSA, het 'n sessie aangebied oor selfversorging van persone in 'n hulpprofessie. Daar was ook geleentheid vir netwerk onder mekaar. 'n Bywoningsregister is voltooi wat agterna aan almal gestuur is, wat dien as 'n hulpbronregister. Die terugvoer van almal teenwoordig was baie positief.





# 3 UITREIKBEDIENINGE

Hierdie deel van Omgee en Uitreik fokus op die ondersteuning van gestuurdes in die sendingveld.

## 3.1 Pretoria en omgewing

### 3.1.1 Evangelis

Tharis Moloko, wat by ons huishulpe betrokke is, is beroep na VGK Irene, maar is nog steeds by die huishulpe betrokke aangesien Elarduspark 'n wyk van daardie gemeente is. Die feit dat hy die leraar daar is, dra by tot die groei van 'n goeie verhouding tussen VGK Irene en Elarduspark gemeente.

### 3.1.2 Legacy Kleuterskool

NG Elarduspark Gemeente ondersteun 'n kleuterskool in Pretoria-Wes, genaamd Legacy Kleuterskool. Legacy Early Learning Centre is deel van PEN Aksie se voorskool forum wat kleuterskole bemagtig om die beste sorg aan hulle kinders te bied. Versorgers word deeglik toegerus en alles word gestruktureerd gedoen om vasgestelde doelwitte te bereik. Die skool volg 'n sillabus wat deur PEN opgestel is. Daar is ongeveer 40 kinders wat die kleuterskool bywoon waarvan min die maandelikse fooie kan betaal.

Die eienaars van die kleuterskool word kwartaalliks besoek en emosionele ondersteuning word aan hulle gebied. Kruideniersware word tydens besoeke aan die eienaar se gesin gegee. Die kleuters het elkeen 'n kersgeskenk gekry uit die Kersgeskenkprojek van die gemeente. Daar is ook klere en speelgoed aan die kleuterskool geskenk deur gemeentelede.





### 3.1.3 LS4 en Welriet

Die NG Gemeente Elarduspark is betrokke in die groter gemeenskap waar die kerk geleë is. Verskeie lidmate is aktief betrokke by Welriet, die gemeenskapsforum waar die kerk geleë is, asook LS4 die gemeenskapspolisiëringsforum wat die woongebiede rondom die kerk bedien.

Die gemeente stel sy lokale beskikbaar vir Welriet Gemeenskap Forum en die Lyttelton Sektor 4 GPSF (Gemeenskap Polisiëring Sub Forum) vir vergaderings en ander funksies. Welriet/LS4 het ook 'n stalletjie tydens die Toewydingsfees by die kerk gehad wat goed ondersteun is.

Welriet en die GPSF is in voortdurende kontak met Elarduspark CMR om hulp aan alle inwoners van die gemeenskap te voorsien. Hulpbehoewende gevalle waarvan Welriet bewus word, word na die CMR verwys vir behoeftebepaling. Welriet het ook beraders, waarvan party gemeentelede is, wat gratis berading verskaf aan lede van die gemeenskap wat trauma beleef. Delanie Bezuidenhout, 'n diensleraar van die gemeente, is ook aktief by Welriet betrokke as 'First Responder' en berader.

Welriet reël ook van tyd tot tyd skoonmaak-aksies op Saterdagoggende (as die weer dit toelaat) om die omgewing veilig en skoon te hou. Verskeie gemeentelede is betrokke by die skoonmaak-aksies. Welriet is op 'n baie goeie voet met die drie munisipale raadslede wat die area bedien en spreek ook probleme aan soos onwettige verblyf op oop ruimtes bv. Wolwespruit en Garstkloof. Dit word gedoen met die hulp van die polisie, munisipale polisie, sekuriteitsmaatskappye en die GPSF.

Na die suksesvolle pretloop van 13 April 2024 in Garstkloof natuurreservaat, beplan Welriet weer 'n pretloop op 24 Mei 2025 in die natuurreservaat. Die pretloop is vir die breë publiek wat gemeentelede insluit aangesien die terrein aangrensend is aan Wingatepark, een van die woongebiede binne die gemeente grense. Die fokus van die pretloop is om die parke en oop ruimtes in ons gemeenskap weer te begin gebruik en veilig te hou deur dit gereeld te gebruik.

Met die verval van diensverskaffing deur die munisipaliteit span Welriet ook saam met vrywilligers in die gemeenskap om parke en straathoeke se gras te sny en slaggate in ons omgewing reg te maak. Met die slaggatprojek wat deur Oosterlig Gemeente begin is, het Welriet met die hulp van gemeentelede vyf maal die afgelope jaar bymekaar gekom om 101 slaggate reg te maak. Die koste van die vyf projekte was ±R12 000 wat deur lidmate en lede van die gemeenskap geborg is. Daar is ±2,5 ton teer gebruik om die werk te doen. Dié werk doen ons met die toestemming van die munisipaliteit deur hul in kennis te stel waar ons gewerk het sodat die munisipaliteit op 'n later geleentheid die werk meer permanent kan doen.

Die dame wat werksaam is in Welriet se kantoor help ook die gemeenskap om probleme wat gerapporteer is by die munisipaliteit te eskaleer na die regte departement om seker te maak dat die diens gelewer word.

Welriet reël ook aksies in die gemeenskap om bewusmaking en samewerking met die nooddienste te bevorder soos 'Çoffe with a Cop', 'SAPS Kids Day' en Bloedskenkgeleenthede wat goed bygewoon word deur die gemeenskap, insluitend kinders.

Alhoewel die brandstofprys 'n groot invloed op patrollies gehad het, is die misdaadsyfers in die LS4 area nog steeds die laagste in die Lyttelton polisiestasie area en moontlik ook in Tshwane. Daarvoor sê Welriet dankie aan al die vrywilligers, die bydraende lede van Welriet en ook NG Elarduspark wat dit moontlik maak.









### 3.1.4 Rasseverhoudinge

Einde 2024 het dr. Johan Louw van Megavoice Africa 'n Dieper Delf reeks kom aanbied waarin hy toerusting gegee het oor hoe 'n mens jou Christenskap by die werk tussen verskillende kulture en uitdagings kan uitleef. Die reeks was baie sinvol.

Op 23 Maart 2025 is die VGK Irene na NG Elarduspark gemeente se nagmaalsdiens uitgenooi. Ds. Tharis het die nagmaal-gedeelte van die diens behartig, en die NG Elarduspark gemeente se lidmate het dit baie waardeer. Dit was ook wonderlik om te sien hoe NG Elarduspark se lidmate hulle gasvry en met omgee verwelkom. Na die tyd was daar 'n kuier in die lapa met koek en tee.

### 3.1.5 Uitreik na ander gemeentes

Gedurende April 2024 het ons lidmate deelgeneem aan 'n inisiatief om slaggate reg te maak. Oosterlig gemeente het die projek geïnisieer, waar verskillende kerke die slaggate in hul omgewings op dieselfde tyd reggemaak het. Dié projek is die res van die jaar in ons omgewing deur ons lidmate en WELRIET verder gevoer.

Saterdagoggend, 18 Mei 2024, het 'n klompie van NG Elarduspark se lidmate saam met Collage-gemeente 'n gebedstap in ons omgewing gedoen, waar daar saam gebid is vir ons gemeenskap.

# 4 OMGEEDIENS: UITREIK NA 'N WÊRELD IN NOOD

Hierdie deel van Omgee en Uitreik fokus op bedieninge, programme en inisiatiewe om na die wêreld in nood uit te reik. Dit fokus daarop om mense se emosionele nood aan te spreek, om in hulle konkrete behoeftes te voorsien, om hulle te bemagtig om uitdagings te hanteer en om uit te reik na ander gemeenskappe.

## 4.1 Uitreik na mense se emosionele nood

### 4.1.1 Pastorale Spreekkamer

Die gemeente is bevoorreg om deur middel van die pastorale spreekkamer 'n beradingsdiens aan die gemeenskap te lewer. Die pastorale spreekkamer word behartig deur die leraar verantwoordelik vir Omgee en Uitreik, dr. Lieze Meiring.

#### 4.1.1.1 Dr. Lieze Meiring

'n Totaal van 166 (136 verlede jaar) gesprekke is deur dr. Lieze Meiring gevoer.

Probleme wat na vore gekom het, is onder andere:

- Huweliksprobleme
- Egskeiding
- Werksverhoudinge
- Verhoudinge tussen ouers en volwasse kinders
- Verliese, veral dood
- Traumatiese verlede en kinderjare
- Kroniese siekte

Vanuit die pastorale spreekkamer is 'n gespreksgeleentheid op 12 Augustus 2024 aangebied, wat gehandel het oor selfdegeslagverhoudings. Die gesprek was bedoel vir mense wat 'n geliefde het, of wat self gay is. Ds. André Muller en dr. Marietjie van Loggerenberg (sielkundige) het 'n bespreking gehou vanuit 'n pastorale perspektief oor vrae soos geloof, ouers en familie en die samelewing. Die gesprek is deur 80 persone bygewoon.

### 4.1.1.2 Maatskaplike werk dienste op Voorkomingsvlak

Alle pre-statutêre dienste aan gesinne in die gemeenskap word gelewer deur me. Anel Roux. Nuwe aanmeldings word na me. Roux verwys. Die aanmeldings uit die gemeenskap word ondersoek en toepaslike dienste word gelewer. Persone word ook soms na bestaande programme verwys vir verdere ondersteuning. Verskeie verslae is geskryf ten opsigte van gasouerkeurings en verwysing van bejaardes na tehuise. Waar nodig, word verwysings gedoen na die statutêre pos.

Dit het die volgende dienste behels deur die afgelope jaar.

| Tipe diens | Aantal gesinne / enkellopendes | Aantal gesprekke |
|---|---|---|
| Materiële nood / werkloosheid / Alimentasie | 29 | 51 |
| Bejaardesorg | 3 | 7 |
| Beskerming van kinders | 7 | 38 |
| Berading aan volwassenes | 8 | 19 |
| Gasouerkeuring en toesig | 2 | 5 |
| Versorging en kontak navrae | 1 | 2 |
| TOTAAL | 50 | 122 |

'n Bedrag van R25 000 is geskenk aan Laerskool Elarduspark se terapiefonds sodat gesinne wat nie noodsaaklike terapeutiese dienste aan kinders kan bekostig nie, deur die skool verwys en geborg kan word. Hierdie inisiatief is deel van die kantoor se voorkomingsdienste aan gesinne wat nie direk by die CMR betrokke raak nie, en 'n poging om kinders se welsyn te bevorder.

### 4.1.2 Kompasbediening

Die Kompasbediening fokus daarop om die volgende persone te ondersteun:

- geliefdes van persone wat met 'n ernstige chroniese en/of lewensbedreigende siekte gediagnoseer word
- persone wat bogenoemdes versorg (dus die versorgers), en
- persone wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het.

#### 4.1.2.1 Ondersteuning aan persone

Ondersteuning word nie net aan gemeentelede en hulle geliefdes verskaf nie, maar ook aan die geliefdes van **nie-gemeentelede** wat vanuit NG Elarduspark begrawe word.

Die wyse waarop Kompas ondersteuning bied, sluit onder andere die volgende in:

- Praktiese raad/ondersteuning onmiddellik na die afsterwe van 'n geliefde indien nodig, insluitend:
    - Raad/advies met begrafnisreëlings (Kerk se webblad).
    - Hulp waar bestaande netwerke tekort skiet bv. maaltye, vervoer en optel van kinders. Dit vind plaas in samewerking met ander bestaande bedieninge.
    - Ondersteuning met die neem van belangrike besluite indien versoek.

- Praktiese raad/ondersteuning met die hantering van die rouproses:
    - 'n Inligtingstuk "As ek 'n geliefde verloor. Wat dan?" is opgestel en is op die gemeente se webblad asook in die Mediasentrum beskikbaar. Versoeke is van ander gemeentes ontvang om hierdie materiaal in hulle gemeente te mag gebruik.
    - In samewerking met die Mediasentrum is boeke en ander materiaal oor die onderwerp beskikbaar.

- Die Lewenslêer verskaf riglyne vir die onmiddellike take wat aandag moet kry, asook inligting oor die boedelproses en ander praktiese raad. Hierdie dokment is in die Mediasentrum beskikbaar.

- Praktiese raad/ondersteuning aan persone wat met 'n ernstige chroniese en/of lewensbedreigende siekte gediagnoseer is:

  - Ondersteuning deur na die persoon se verhaal te luister.
  - Toegang tot praktiese ondersteuningsnetwerke – die kontakbesonderhede van organisasies en diensverskaffers is beskikbaar op die kerk se webblad.
  - Ondersteuning aan die versorger en die res van die familie.

  Hoewel die deelnemers aan hierdie bediening basiese opleiding in die hantering van die rouproses ontvang, is dit belangrik om te weet dat hulle **nie professionele beraders is nie**. Wanneer die behoefte aan berading navore tree, word kliënte na die Pastorale Spreekkamer verwys.

- Omgee:
  - Besoek, telefoonoproep, SMS/Whats App
  - Tree vir die persone in deur gebed
  - Inskakeling by 'n groep

  Vergaderings:
  - Die bediening vergader een maal per maand (met die uitsondering van Desember) met die volgende doelwitte:
    - Om behoeftes aan ondersteuning te bespreek
    - Toeken van verantwoordelikhede en take
    - Opvolg en terugvoer ten opsigte van bestaande kliënte
    - Voortgesette opleiding
    - Ondersteuning aan die lede van die Kompasbediening

Daar was sestien (16) persone by die Kompasbediening betrokke. Dit sluit in 'n predikant (dr. Lieze Meiring) en 'n maatskaplike werker (me. Anel Roux). Drie (3) lede het sedertdien bedank, waarvan een gevra het om steeds die vergaderings en toerusting by te woon omdat hy baie daarby baat.

Die volgende syfers gee 'n aanduiding van die werksaamhede van die Kompaslede (uitgesluit die predikant en maatskaplike werker). 'n Totaal van 126 persone/gesinne is ondersteun. 'n Verdere analise van die data (ongeverifieerd) word hieronder weerspieël.

| Aantal persone ondersteun m.b.t. verlies van geliefde | Aantal persone/gesinne ondersteun m.b.t. langtermyn siekte | Aantal versorgers ondersteun | Aantal kontak-besoeke gedoen | Aantal oproepe gemaak | Aantal SMS'e & WhatsApp gestuur |
|---|---|---|---|---|---|
| 53 | 54 | 19 | 79 | 111 | 163 |

Terugvoer van Persone wat Ondersteun is:

- Die persoon was bly oor my oproep en het lekker gesels oor die oorledene se lewe en die mooi herinneringe wat hulle koester. Sy sal my kontak indien daar 'n behoefte is.

- Terugvoere was deurentyd waarderend, byvoorbeeld "Jul het my help deurdra", "Kom asseblief weer", "Jul gebede word waardeer", "Ek gaan jul kontak mis" en "Jul kontak is 'n aangename verrassing".

- "Dankie dat jy daar was vir my".
- Persone met wie daar kontak gemaak is, het groot waardering daarvoor.

- Twee persone het openlik hulle waardering uitgespreek en hulle het nie gehuiwer om hulle gevoelens en behoeftes met my te deel nie. By een persoon is die oproep vriendelik ontvang, maar nie veel reaksie van sy kant nie.

- Ek het steeds kontak met twee van die dames wat hulle wederhelftes in die vorige jaar verloor het. Hulle is steeds op my gebedslys en is steeds dankbaar vir die ondersteuning en gebede! Ek het die twee persone se geliefdes wat ek bygekry het, meer terughoudend ervaar. Hulle het wel my oproepe waardeer!

Belewing van Kompaslede:

- My betrokkenheid by die bediening ervaar ek as 'n groot inspirasie vir my eie geestelike groei en dit is 'n voorreg om as instrument gebruik te word om ander te kan bystaan. Dis heerlik om in die leerskool van Jesus te kan wees.

- Ons ervaring is onder andere dat ons 'n magneet-doel het en nog iets kán beteken al is ons "ouer". Ons leer en ontwikkel heeltyd en groei ten opsigte van omgee-vaardighede terwyl ons al meer (beter) empatieke luisteraars word. Die kliënte waarmee ons werk en hulle omstandighede lei daartoe dat ons daaglikse bidvaardighede toenemend doelgerig is en al meer oefening kry. Die belydenis dat ons glo aan "gemeenskap van gelowiges" word al helderder. Dit is vir ons wonderlik dat ons 'n "naam" kan gee (konkreet uiting kan gee) aan ons lewenswyse as lidmate van die gemeente wat omgee!

- My uitstaande belewenis is een van dankbaarheid – telkens wanneer ek met 'n lydende persoon in kontak was. Dankbaarheid vir die sëen wat ek daagliks ontvang, dankbaarheid vir my gunstige omstandighede en dankbaarheid dat ek daadwerklik 'n verskil kan maak in God se koninkryk op aarde.

- Ons het die kursus wat Faure aangebied het baie geniet en baie geleer met betrekking tot hoe om met iemand wat 'n verlies gehad het of wat siek is te gesels.

- Om deel te wees van die Kompasbediening is vir my 'n voorreg om die volgende redes:
  - Ek beskou dit as 'n groot genade om op hierdie manier diensbaar te wees. Dit is 'n groot deel van my dankbaarheidslewe vir dit wat Jesus vir my gedoen het.
  - Ek word self verreik deur die opleiding, terugvoer en ondersteuning aan geliefdes.
  - Die kontak en vriendskapsbande met die ander lede van die bediening is vir my spesiaal waardevol.
  - Baie dankie aan ons Hemelse Vader eerstens dat Hy my hier wil gebruik en tweedens aan al my mede Kompasvriende vir hierdie geleentheid.

- Dit is vir my 'n wonderlike voorreg om deel van die Kompasbediening te wees. Ek het al so baie geleer en waardeer elke keer die opleiding wat ons kry. Ook in ons persoonlike familiekring kon/kan ek mense bemoedig wat deur moeilike tye of siektes gaan. Die Kompasbediening laat my "behoort aan" voel. Ek is so dankbaar dat die Here my ook op hierdie vlak kan gebruik! Waardeer elke persoon wat by Kompasbediening betrokke is.

- Dit is en was nog altyd vir my baie vervullend om mense met Jesus se liefde, lief te hê en te ondersteun. Ek glo dat wanneer ek mense hier op aarde, met my Here Jesus se liefde versorg, dan eer ek my Hemelse Vader en vervul my roeping as dissipel. Om my Here se lig te laat skyn, brei ek Sy koninkryk hier op aarde uit. Dit is my grootste vreugde om sag en met baie respek met mense om te gaan. Die Heilige Gees se vervulling is wonderlik en baie kosbaar vir my. Die Here vul my baie getrou met Sy goddelike alomteenwoordigheid. Dit vul my elke dag met wonderlike vreugde om my Vader diep lief te hê en Sy wil te bly soek. Sonder my Here se krag en genade sal dit nie altyd, in alle omstandighede moontlik wees om Sy liefde uit te dra nie. Aan my Here Jesus al die eer en aanbidding diep uit my hart. Baie dankie my Here Jesus vir die groot voorreg om via die Kompas/Trauma bediening U te kan eer, dien en aanbid. Dankie dat ek hier tussen ander gelowiges versterk kan word in my geloof deur die terugvoer van hartseer mense te hoor en ook hul dankbaarheid te ervaar omdat ons na hulle uitgerek het. Ons omgee en Jesus se liefde beteken baie vir hulle in hul hartseer tyd. Dit is baie bevredigend om elke seer mens se positiewe terugvoer te ervaar! Baie dankie vir al die opleiding en liefdevolle begeleiding wat ons as groep ontvang. Ons samesyn, saam bid en om deel te wees van die liefdesdiens, is van onskatbare waarde vir my! Alle eer en lof aan U my Koning en my Here.

Algemene opmerkings

Hierdie bediening poog ook om persone wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het, behulpsaam te wees om wanneer hulle genoegsaam herstel het, by 'n bediening in te skakel. Op sodanige wyse word hulle ook op die langer termyn ondersteun.

Alhoewel nie 'n fokusarea van die Kompasbediening nie, reik lede ook uit na persone wat eensaam is en/of hulp benodig, byvoorbeeld: hulle besoek tweekeer per week 'n 89-jarige dame wat alleen woon. Tydens die besoeke help hulle veral met praktiese dinge (bv. herstelwerk) soos moontlik. Hulle besoek ook gereeld 'n 85-jarige man wat geen familie-ondersteuning het nie.

Daar is ook veral melding gemaak van die vriendelike en sensitiewe manier waarop die **koster en ander kerkpersoneel** naasbestaandes ontvang wanneer hulle kom om begrafnisreëlings te tref. Die effektiwiteit waarmee laasgenoemde gedoen word, staan ook uit.

### 4.1.2.2 Ondersteuning aan versorgers

Die versorgers van mense wat leef met ernstige chroniese siektes of persone wat terminaal siek is, word geïdentifiseer en ontvang ondersteuning. Benewens die deurlopende ondersteuning wat verskaf word, is 'n "Omgee-koffiekuier" op 19 Junie 2024 gehou waartydens nege (9) versorgers "bederf" is. Versorgers kon elkeen ook 'n vriend of vriendin saambring. Hierdie geleentheid is ook deur die Kompaslede wie die "versorgers" ondersteun, bygewoon.





### 4.1.2.3 GriefShare Ondersteuningsprogram

Gedurende die afgelope twee jaar het die vraag ontstaan of Kompas as 'n bediening genoeg doen vir mense wat ly. As 'n moontlikheid om die bediening verder uit te brei is gekyk na die **GriefShare Ondersteuningsprogram.** Goedkeuring is verleen om die program aan te koop. Die eerste poging om 'n groep te begin, was nie suksesvol nie. Gedurende Maart 2025 is 'n tweede poging van stapel gestuur en tans is daar vier (4) persone wat dit bywoon.

#### 4.1.2.4 Miskraam/Stilgeboorte

'n Bewuswordingsgeleentheid rakende Miskraam/Stilgeboorte is aangebied op 13 Maart 2025. Agt (8) persone het dit bygewoon – 'n jong egpaar wat pas deur hierdie trauma gegaan het, 'n ouer dame wat 'n aantal miskrame beleef het, twee verpleegkundiges en die res belangstellendes wat wou kom leer hoe om mense wat hierdie verlies beleef het, te ondersteun. Die spreker was me. Sonnika Nel, maatskaplike werker verbonde aan NG Tygerpoort. Terugvoer rakende die geleentheid was positief.

## 4.2 Uitreik na mense se konkrete nood

### 4.2.1 Christelik Maatskaplike Raad (CMR) Elarduspark – Statutêre dienste

Die Christelik Maatskaplike Raad (CMR) Elarduspark is geregistreer as 'n Nie-Winsgewende Organisasie (NPO) met sy eie regs-identiteit.

CMR Elarduspark is geaffilieer by die CMR Gauteng-Oos wat 'n supervisie, administratiewe en opleidingsfunksie verrig. Die CMR is ook by die Ontvanger van Inkomste geregistreer as 'n Openbare Weldaadsorganisasie (OWO) oftewel Public Benefit Organisation (PBO) wat beteken dat mense wat geld aan die organisasie skenk, belastingvoordele daarvoor ontvang.

Die CMR is ook verantwoordelik vir die statutêre dienste in die gemeenskap, wat beteken dat dit 'n professionele diens is wat gelewer word aan gesinne, maar veral kinders in nood, waar statutêre prosesse deur die Kinderhof ter sprake is.

Die CMR Elarduspark (statutêre pos) doen verslag oor sy werksaamhede vir die betrokke boekjaar in 'n aparte jaarverslag.

### 4.2.2 Finansiële Ondersteuning

Finansiële ondersteuning word bestuur deur 'n Alimentasie Komitee wat saamgestel is deur gemeentelede met finansiële kundigheid. Van hierdie komiteelede bied soms advies aan mense wat in die moeilikheid beland as gevolg van swak finansiële beplanning.

Riglyne vir finansiële ondersteuning en hulpverlening fokus daarop om mense deur 'n tydelike krisis te ondersteun, sodat hulle weer selfstandig op hulle eie kan funksioneer. Die riglyne word ook gereeld aangepas om voorsiening te maak vir alle moontlike situasies waarmee die komitee gekonfronteer word.

Die volgende riglyne geld by oorweging van alimentasie aansoeke:

- Lidmate van die gemeente kry voorkeur.

- Die aansoek vir alimentasie moet volledig en deur die persoon self ingevul word.
- 'n Afskrif van die persoon se ID moet aangeheg wees.
- Stawende dokumente moet aangeheg wees, bv. die munisipale rekening.
- Fondse word nooit in 'n persoonlike bankrekening inbetaal nie, maar direk in die rekening van die diensverskaffer.
- Kontant word nooit aan 'n persoon oorhandig nie.
- Aansoekers se geskiedenis word by ander gemeentes geverifieer.
- Hulp moet altyd tydelik wees. Sodra dit blyk dat 'n persoon gereeld vir hulp vra, word ander opsies oorweeg soos berading, ondersteuning met finansiële beplanning, of enige ander vorm van hulp om 'n multi-dissiplinêre oplossing vir die probleem te beding.
- Kospakkies word vir hoogstens 6 maande goedgekeur, waarna weer aansoek gedoen moet word.
- Finansiële hulp word op 'n glyskaal bereken: die eerste maand sal 100% van 'n rekening vereffen word, die 2de maand 75% en die 3de maand 50%.

  Slegs in uitsonderlike gevalle sal hulpverlening oor langer as 3 maande strek. Die persoon sal dan verwys word vir meer in-diepte-hulpverlening deur 'n multi-dissiplinêre span.
- Die aansoeker moet elke maand 'n afspraak met die maatskaplike werker nakom en rapporteer watter inisiatiewe aangewend is om die situasie te verbeter.
- Die maatskaplike werker moet ook opvolg of enige ander verwysings, soos berading, wel nagekom is.
- Slegs in uitsonderlike gevalle word vir privaat mediese sorg betaal. Persone word verwys na klinieke of staatshospitale. Hulp met vervoer kan aangebied word.

Die alimentasie komitee het sedert die Covid-19 pandemie aansoeke deur middel van e-pos korrespondensie bespreek en oorweeg.

'n Bedrag van R23 113 (vorige jaar R40 281) is spandeer om 4 (vorige jaar 7) gesinne te ondersteun. Die bedrag is hoofsaaklik spandeer om huur en munisipale rekeninge te betaal.

Die Alimentasie-beleid fokus daarop dat mense nie afhanklik moet word van die hulp wat verleen word nie. NG Elarduspark gemeente het daarom kundiges wat mense in finansiële nood kan bystaan met advies ten opsigte van basiese finansiële beplanning, of die opstel van 'n begroting. Sodra dit duidelik word dat mense se probleme veroorsaak word deur swak beplanning en finansiële bestuur, word hulle dan ondersteun en bemagtig om hulle sake in orde te kry eerder as om hulle net te help. Dit gebeur ongelukkig dikwels dat mense hierdie hulp van die hand wys.

## 4.2.3 Brood-op-die-Waterprojek

Die Brood-op-die-Waterprojek is 'n projek van die gemeente wat daarop fokus om voedsel te voorsien aan persone wat tydelik nie in hulle eie behoeftes kan voorsien nie, gewoonlik as gevolg van omstandighede buite hulle beheer.

Die maatskaplike werkers is betrokke om persone te keur wat kwalifiseer vir hierdie vorm van hulp. Streng riglyne word gestel om te verseker dat persone nie afhanklik raak van hierdie hulp nie, maar eerder voortdurend daarna bly streef om selfstandig te funksioneer. Die hulp deur middel van 'n kospakkie is dus altyd tydelik van aard en is nie veronderstel om deel van enige persoon se maandelikse "begroting" te raak nie.

Die pakkie is so saamgestel dat 30 maaltye per maand daaruit voorberei kan word.

Die inhoud van die kospakkies word aangekoop by 'n supermark in die omgewing wat die beste pryse bied en word dan deur 'n vrywillger verpak. Ons gee ook geleentheid aan entrepreneurs, deur van hulle produkte aan te koop eerder as by supermarkte. So byvoorbeeld koop ons beesvleis by 'n gemeentelid en groente by 'n ander gemeentelid.

Toiletpapier en skoonmaakmiddels word ook deur 'n gemeentelid verskaf. Daar word gereeld pryse vergelyk om te verseker dat ons die beste moontlike waarde vir geld kry.








Daar word onderskei tussen "groot" en "klein" kospakkies. 'n Gesin van 1 of 2 lede kry 'n klein pakkie en groter gesinne kry 'n groot pakkie.

Die kospakkie wat aangekoop word, bestaan hoofsaaklik uit nie-bederfbare produkte. Vleis, groente en skoonmaakmiddels word ook aangekoop uit fondse wat deur gemeentelede geskenk word. Soms is ons gelukkig om ander skenkings te kry. Daar was die afgelope jaar 'n gereelde donateur van vleis en suiwelprodukte. Die Brood-op-die-water omgeesakkies is ook 'n projek om kruideniersware in te samel wat in die kospakkies gebruik word. By die ingange van die kerk is daar sakkies met 'n lysie van kruideniersware wat gemeentelede kan skenk. Gedurende die afgelope boekjaar het die Jeugbediening projekte geloods waar gemeentelede die geleentheid gehad het om bydraes in die vorm van nie-bederfbare produkte te skenk. Elke keer het die gemeente se entoesiasme alle verwagtinge oortref en gehelp om die koskaste te vul om in die veel groter vraag na kospakkies te voorsien. Hierdie skenkings het bygedra dat daar gedurende die afgelope jaar amper R27 000 minder bestee is aan die aankope van kruideniersware.

Daar is ook vrywilligers wat die pakkies wat nie deur die mense self afgehaal kan word nie, by hulle huise gaan aflewer.

Die pakkies wat in Desember uitgedeel word, word aangepas vir die feesseisoen deurdat lekkernye bygesit word, wat ook deur gemeentelede geskenk word. Die Mannabediening doen gewoontlik moeite om lekkernye soos beskuit en koekies te bak.

Vir die betrokke tydperk is daar 39 (28 vorige jaar) klein kospakkies en 60(64 vorige jaar) groot kospakkies uitgedeel. 'n Totaal van 99 (92) kospakkies is uitgegee aan 23 gesinne gedurende die tydperk 1 April 2024 tot 31 Maart 2025. Gedurende die boekjaar is 'n totale bedrag van R133 027 (R159 854 vorige jaar) aan kospakkies bestee. Hierdie bedrag sluit nie skenkings wat deur die gemeente en gemeenskap voorsien is, in nie.

| **Maand** | **Mans** | **Vroue** | **Kinders** | **Totaal** | **Klein kospakkies** | **Groot kospakkies** | **Totaal gesinne elke maand** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Apr 23 | 8 | 13 | 12 | 33 (16) | 3 (5) | 7 (3) | 10 (8) |
| Mei 23 | 10 | 16 | 12 | 39 (20) | 3 (4) | 9 (4) | 12 (8) |
| Jun 23 | 8 | 13 | 7 | 28 (14) | 3 (4) | 6 (3) | 9 (7) |
| Jul 23 | 7 | 10 | 6 | 23 (16) | 1 (3) | 5 (4) | 6 (7) |
| Aug 23 | 6 | 9 | 4 | 19 (9) | 2 (2) | 3 (2) | 5 (4) |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Sept 23 | 5 | 8 | 4 | 17 (18) | 1 (1) | 3 (4) | 4 (5) |
| Okt 23 | 5 | 9 | 4 | 18 (27) | 2 (1) | 3 (7) | 5 (8) |
| Nov 23 | 6 | 11 | 6 | 23 (27) | 5 (1) | 3 (7) | 8 (8) |
| Des 23 | 6 | 13 | 11 | 30 (27) | 5 (1) | 5 (7) | 10 (8) |
| Jan 24 | 6 | 13 | 11 | 30 (31) | 5 (1) | 5 (8) | 10 (9) |
| Feb 24 | 6 | 13 | 11 | 30 (31) | 5 (2) | 5 (8) | 10 (10) |
| Mrt 24 | 6 | 12 | 12 | 30 (31) | 4 (3) | 6 (7) | 10 (10) |
| **Totaal** | | | | 320 (267) | 39 (28) | 60 (64) | 99 (92) |

**Hawelose mense**

Die Mannabediening maak voorsiening vir voorbereide kos wat in kleiner hoeveelhede verpak word om uitgedeel te word aan hawelose mense wat by die kerk opdaag om kos, klere en/of geld te vra.

Vir die betrokke tydperk het 15 (12 vorige jaar) hawelose mense voorbereide kos ontvang.

## 4.2.4 Manna-Projek

Die Manna-projek onder leiding van Antoinette Pretorius, bestaan uit 'n groep van 16 vroue wat elke week gevriesde etes voorberei. Hierdie gevriesde etes word dan op 'n maandelikse basis aan ons gesinne in nood voorsien. Die vroue op die projek skenk self die bestanddele en doen ook die kookwerk self. Hierdie gevriesde kos is ook deurlopend tot beskikking van die CMR, sou 'n persoon vir hulp kom aanklop.

Gedurende die Kersseisoen word ekstra moeite gedoen met die bak van beskuit en koekies. Lekkernye word uit die beskikbare fondse (donasies) aangekoop wat tydens die Desember kospakkies aan die gesinne gegee word.

Antoinette het die leisels nou na ongeveer 11 jaar oorgegee aan Alda Canning. Na 'n paar bedankings en nuwe dames wat betrokke geraak het, staan die kookspan tans op 12 vroue wat nie omgee om hulle hande in die kombuis vuil te maak nie! Baie dankie aan almal.





### 4.2.5 Kleretrommel

Die Kleretrommel is 'n projek waar gebruikte klere, linne, speelgoed, meubels, en toerusting deur gemeentelede geskenk word en dan uitgedeel word aan persone wat behoefte daaraan het.

Hierdie klere en toerusting word versprei aan persone in die gemeenskap asook individue en organisasies vanuit die breër gemeenskap wat deur NG Elarduspark en die CMR Elarduspark kantoor geïdentifiseer word.

Alle donasies word aanvaar. Dit is egter jammer dat klereskenkings altyd een seisoen agter is. Aan die begin van winter, word klerekaste gereed gemaak vir die winter en kry ons slegs somerklere in.

Mansklere in 'n nr 32 en 34 is altyd in aanvraag.

Die volgende projekte en organisasies is die afgelope boekjaar deur die Kleretrommel ondersteun:

- Harmonie Oord, Sunnyside
- Pretoria Wes gemeenskap
- CMR Silverton
- Khomani Uitreik
- Jakaranda Sorgsentrum
- Solidariteit (Ons Winkel)
- Jakaranda Kinderhuis

Vrywilligers van ons gemeente is betrokke by die projek. Die donasies word uitgesorteer en sakke word opgemaak om na bogenoemde maatskaplike projekte en organisasies versprei te word.

### 4.2.6 Warm-Winter-Wollies

Die Warm-Winter-Wollies-projek bied aan gemeentelede die geleentheid om mense in nood te ondersteun gedurende die wintermaande; deur handwerk items te maak wat jaarliks aan geïdentifiseerde organisasies of persone geskenk word.




Die fokus van die betrokke jaar se projek was bejaardes, kinders en diere in nood. Die Warm-Winter-Wollies items is gedurende hierdie boekjaar aan Harmonieoord ouetehuis in Sunnyside, Rusoord ouetehuis in Lyttelton, Spreading the Love (Danville), Huis 13 (Jakaranda Kinderhuis) en Wollies diereskuiling geskenk. Almal was bly en dankbaar vir die donasies.

Daar is 581 items ontvang, wat gewissel het van komberse tot wollies vir woefies.

| **ITEM** | **AANTAL** |
|---|---|
| Truie | 61 |
| Handskoene | 43 |
| Komberse | 148 |
| Serpe | 54 |
| Serp en mus stelle | 19 |
| Musse | 145 |
| Slaapsokkies | 45 |
| Troeteldier items | 59 |
| Bere | 7 |
| **TOTAAL** | 581 |

Dit bly 'n voorreg om die dankbaarheid van die mense wat die wollies ontvang, te beleef. Hiermee wil die NG Elarduspark en CMR-kantoor graag elke gemeentelid, familie en vriend wat aan hierdie projek deelgeneem het, bedank.

### 4.2.7 Kersgeskenke-projek

Die fokus van die Kersgeskenke-projek is om jaarliks 'n groep minderbevoorregte kinders te bederf met 'n Kersgeskenk. 'n Lys van kinders word saamgestel uit al die kinders waarby die CMR-kantoor betrokke is, asook die wat deel is van gesinne wat kospakkies en/of alimentasie ontvang. Die seuns van Huis 13 by Jakaranda Kinderhuis, waarby NG Elarduspark betrokke is, kon ook deel in hierdie projek.

Gemeentelede word gevra om 'n geskenksakkie te vul met geskenke vanaf 'n lys wat voorsien word.

Die gemeente het soos gewoontlik hulle volle ondersteuning aangebied en gou het die pragtig versierde geskenksakkies ingestroom. Gedurende die betrokke boekjaar kon 149 (vorige jaar 141) kinderharte bly gemaak word deur hierdie projek.

| | |
|---|---|
| CMR Elarduspark | 28 kinders |
| Huis 13 (Jakaranda Kinderhuis) | 11 kinders |
| Mosesprojek | 10 babas |
| CMR Lyttelton | 20 kinders |
| CMR Silverton | 30 kinders |
| Legacy Kleuterskool | 50 kinders |

Die CMR-kantoor bedank graag al die gemeentelede wat die projek moontlik maak.




### 4.2.8 Liefde in Aksie

Hierdie is 'n nuwe projek wat deur twee lidmate gedryf word: Mnr. Ruan du Plessis en Me.Inge Moller. Hulle het 'n Whatsapp groep gestig van lidmate wat kan hand bysit met praktiese take, soos om 'n gloeilamp te vervang of iemand dokter toe te neem. Die groep word gekontak wanneer daar behoefte is, en dan help 'n vrywilliger wat beskikbaar is.

## 4.2.9 Ons Huis

Ons Huis is 'n liefdadigheidsprojek van die Ring van Elarduspark, wat die gemeentes van Elarduspark en Oosterlig en Kerksondermure insluit. Ons Huis bied akkommodasie en 'n aktiwiteitsentrum aan verstandelik gestremde volwassenes. Een perseel dien as huisvesting, waar die mikpunt is om 'n gesellige, huislike atmosfeer vir die inwonende gestremde persone te bied. Hier is tans veertien inwoners. Soos met enige ander huislike opset word hier gedeel in die lief en leed van die huisgenote. Elkeen het sy of haar take om te verrig, volgens uitgewerkte roosters. Oor naweke word daar gebak en brou, winkel toe gestap, gebraai, speletjies gespeel en vele meer. Sondae besoek almal die NG Kerk Elarduspark. Hierdie huis heet dan ook heel gepas: Luilekker.

By die aktiwiteitsentrum – by name Miernes - is daar tans 25 deelnemers. Sommige kom wel nie elke dag nie, aangesien hulle by hul ouers of voogde woon. Die ouderdom van die deelnemers wissel tussen 18 en 63. Hier word gewoel en gewoeker met handvaardighede soos bv. die maak van papier maché spaarvarkies, hekel- en breiwerk, kleiner houtwerk items en vele meer. Plantjies word ook gemaak en in mooi houers geplant, so bly hulle in kontak met moeder natuur. Die geestelike versorging van ons deelnemers is die hoogste prioriteit en 'n deel van die oggend word dan ook daaraan gewy. Lewenslesse en die belangrikheid van sosiale vaardighede word ook tydens hierdie tye geïnkorporeer. Verder is daar 'n Dankbaarheidsprojek waar elke deelnemer elke oggend drie goed moet noem waarvoor hulle dankbaar is.

Personeel by Ons Huis bly altyd 'n uitdaging aangesien dit uiters moeilike poste is om te vul. Drie van die personeellede het elk self 'n gestremde kind en is daarom vertroud met ons wêreld. Verder is ons uiters afhanklik van vrywilligers, nie net om diens te doen by Ons Huis nie, maar ook om te help met 'n verskeidenheid behoeftes van naaldwerk tot algemene nutsmanwerk.

Daar word deurgaans gewerk aan projekte in 'n poging om fondse in te samel. Daar word konfyt gekook en pasteie gebak wat verkoop word om nodige uitgawes te kan bekostig. Ons Huis kry geen finansiële ondersteuning van die regering of elders nie en fondse is altyd die grootste bekommernis en uitdaging. Vele van die gestremdes se ouers het ook tydens die pandemie hul werk en inkomste verloor of moes aanpas by 'n verlaagde inkomste. Ander het nie ouers om hulle te ondersteun nie. Hierdie is 'n probleem wat al groter word. Al meer gestremdes is wees of hul ouers is van 'n baie hoë ouderdom wat hul ernstig inperk.

Ons Huis is trots op ons onderskeie huise en poog daarna om dit so huislik en vriendelik moontlik te maak. Gesellig is 'n sleutelwoord. Die verantwoordelikheid van hierdie liefdadigheidsprojek rus egter nie uitsluitlik op die skouers van die personeel nie. Ons Huis is afhanklik van die gemeenskap en gemeente vir 'n voortbestaan. Hiermee bedoel ons nie net finansieel nie, maar ook vir ondersteuning op ander gebiede. 'n Afsetgebied vir die items wat die gestremdes maak is altyd welkom. Bo alles en die belangrikste bly egter om gedra te word in gebed asook om in liefde en met aanvaarding ontvang te word deur die gemeenskap wat Ons Huis bedien.

### 4.2.10 Jakaranda Kinderhuis

Die gemeente se betrokkenheid by Jakaranda Kinderhuis fokus op twee aspekte: Huis 13 en die kliniek.

#### 4.2.10.1 Huis 13

Huis 13 huisves tussen 8 en 12 tienerseuns, wat versorg word deur 'n huisouer en 'n aflosversorger wat elke tweede naweek die huisouer aflos. Die huisouer is Anton van Deventer. Hy is sedert Februarie 2023 by die huis.

Die omstandighede by die huis is stabiel en die kinders word goed versorg. Daar is 'n gemeentelid wat begin 2025 aangebied het om 'n verjaarsdagkoek te bak elke keer as 'n seun verjaar. Die kinders en huisouers is baie dankbaar daarvoor. Die huisouer het ook die geleentheid gekry om die seuns te laat inskakel by boksafrigting en perdry-klasse.

Anton en Zelda van Deventer (Huisouer en eggenoot) gaan gereeld saam met die seuns op uitstappies en doen baie dinge saam – soos 'n huisgesin met baie seuns. Die seuns is ook oor die algemeen gesonde kinders met enkele mediese behoefte, soos bv. slegte griep.


Huis 13 se kinders gaan na verskillende skole in die omgewing en vervoer na en van die skole is die grootste kopseer. Daar is saam met Louis Botha Kinderhuis (funksioneer onder dieselfde bestuur maar is op 2 kampusse) altesaam 26 skole waarheen die kinders geneem word. Party skole is naby en kan die groter kinders stap. Ander skole is baie ver en kos dit fyn beplanning om voertuie te voorsien en instand te hou.

Dr. Lieze Meiring en me. Anel Roux besoek die huisouer kwartaalliks om hom te ondersteun. Die Mannaprojek kon gedurende die afgelope boekjaar en veral tydens die Kersseisoen, onder leiding van gemeentelid Antoinette Pretorius, toebroodjiesmere en ander lekkernye soos beskuit en soetkoekies aan Huis 13 voorsien. Elke seun het ook 'n kersgeskenk uit die Kersgeskenkprojek ontvang.

Die kinderhuis ervaar wel tans verskeie finansiële uitdagings omrede hulle nie op 'n gereelde basis subsidie vanaf die staat ontvang nie. Die kinders se skoolgeld, personeel se salarisse en vele meer is afhanklik van hierdie voorsiening. NG Elarduspark ondersteun en help Huis 13 waar hulle kan. Die gemeente het 12 eetkamerstoele vir die huis gekoop einde 2024. Ses van die huis se kinders sowel as die huisouer kon ook die #Kamp (die gemeente se kerkkamp vir tieners) in Oktober 2024 bywoon, danksy die borgskap van die gemeente.

Op die oomblik is daar nie gemeentelede direk betrokke by Huis 13 nie. Betrokkenheid van gemeentelede sal waardeer word en enige persoon wat 'n passie hiervoor het, is welkom om me. Anel Roux te kontak. Die seuns woon die eredienste en jeugdienste van die gemeente gereeld by. Dit is 'n oulike groepie seuns wat die gemeente se betrokkenheid baie waardeer en die bietjie mooi wat in hul lewe kom, geniet.







### 4.2.10.2 Jakaranda Kinderhuis Kliniek

Suster Antasha Brits is die Klinieksuster van Jakaranda Kinderhuis en al bykans 35 jaar lidmaat van NG Elarduspark Gemeente. By die kliniek is daar uiteraard 'n deurlopende behoefte aan medikasie vir verkoues, allergieë, pyn, sportbeserings en so meer. Die kinderhuiskliniek sien om na 230 kinders se gesondheidsbehoeftes. Indien enige iemand 'n behoefte het om te help, kan finansieel gehelp word (indien inbetaling gedoen word moet dit asb. "Kliniek" aandui). Indien iemand medikasie kan skenk sal dit waardeer word indien u eers kan kontak maak met sr. Brits om die presiese behoefte te identifiseer.

Wat ook baie help is dokters en tandartse wat ons kinders help sonder koste. Die kinderhuis sal bv. vra of 'n tandarts bereid is om 2 kinders per kwartaal te sien – sodoende verlam mens nie die dokter se praktyk nie. Die kinders is deur die Kinderhof geplaas en is uiteraard staatspasiënte. Ongelukkig is die Departement van Gesondheid oorlaai en is dit baie moeilik om 'n kind gehelp te kry teen 'n redelike tyd (by die staatsdiensklinieke verloor 'n kind 'n hele dag se skool waar by 'n privaat tandarts per afspraak ingaan en uitkom en die kind aflaai by die skool).

Die kliniek sien gemiddeld 100 kinders per maand in die kliniek en het tot 48 kinders wat medikasie vir een of ander skeet of siekte nodig het. Die kliniek verskaf medikasie aan die Huisouers vir verkoue en multivitamiene om die kinders se gesondheid te bevorder. Daar was hierdie laaste 3 maande 14 kinders by privaat tandartse en met 6 kinders by privaat ortodontiste vir hulp met die kinders.

Die kinderhuis is dankbaar dat hulle nie een hospitaalgeval gehad het nie. Nie een fraktuur of steke was nodig gewees nie.

Jakaranda Kinderhuis is die samelewing van Pretoria ewig dankbaar. Die kinderhuis ervaar baie welwillendheid en hulp van die publiek – veral ook die mediese beroepe. Hulle ervaar "it takes a village to raise a child". Die kinderhuis kry net 'n derde van ons finansiële behoefte van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, maar ons lewer 'n 100% diens aan elke kind op die terrein.







## 4.3 Uitreik deur mense te bemagtig

### 4.3.1 Jacob's Well Elardusvallei Tak

Die tak van die landwye netwerk van *Jacob's Well (Jakob se Put)* is in Mei 2013 geopen om die gemeenskap in en om Elarduspark, Wingate Park en Rietvalleirand te bedien.

Hierdie tak is deel van 'n landswye bediening met die doel om mense sonder 'n gereelde inkomste en tussen werke te ondersteun. Hierdie ondersteuning behels berading, praktiese advies deur personeel en ander kenners op die gebied van werksoek, hulp met fisiese nood (kospakkie en/of alimentasie) en ondersteuning. Die entrepreneurs kry die geleentheid om hulle produkte by die gemeente se Winterfees te bemark.

Geregistreerde lede van die Jacob's Well familie word ook geleentheid gebied om blootstelling te kry in die gemeente se afkondigingsblad. Dit help hulle om selfvertroue op te bou en ekonomies al meer selfstandig te raak.

Jacob's Well word op elke Vrydagoggend (behalwe tydens skoolvakansies) vanaf 08:30 tot 10:00 gehou by NG Elarduspark.

Die Jacob's Well bediening groei jaarliks en daar was die afgelope jaar 20 lede. Al die lede woon nie elke sessie by nie. Daar is ongeveer 6-8 persone per sessie. Die sessies fokus hoofsaaklik op 2 aspekte:

- Geestelike groei: Ds. Jan Theron is die Omgee en Uitreik verteenwoordiger by Jacob's Well. Hy open elke sessie met Skriflesing. Hy hanteer ook een Bybelstudie sessie per maand. Die lede beskou die geestelike groei as 'n belangrike aspek van die bediening en almal neem spontaan deel aan die bespreking.
- Opleiding: Moeite word gedoen met die aanbieding van aktuele onderwerpe wat die groep raak. Me. Anel Roux, en gassprekers soos dr. Lieze Meiring het deur die jaar onderwerpe aangebied soos voorbereiding vir werksaansoek en -onderhoud, seisoene van die lewe, uitdagings in die werkplek, hantering van stres, ens.

Daar is ook deurgaans inligtigting beskikbaar ten opsigte van poste wat beskikbaar is. Die groeplede getuig van groei en omgee vir mekaar waar hulle fisies en emosioneel ondersteun word. Die volgende getuienis is gelewer deur lede van Jacob's Well:

# "Aangesien ek nog nie vaste werk kon kry nie, is die weke vir my baie lank. Vrydae se byeenkomste is vir my 'n hoogtepunt. Om midde in 'n kring van medegelowiges bymekaar te kom, is heerlik en vervullend. Dit gee weer vir my moed vir die nuwe week."

# Jacob's Well is 'n gesellige byeenkoms op Vrydagoggende met leersame lesings wat toegepas kan word in die samelewing vir ons asook ander mense."

## 4.3.2 Thusanang (Ons help mekaar)

*Hannetjie van Zyl doen soos volg verslag oor die werksaamhede van Thusanang:* Dit is vir ons 'n groot voorreg en eer om aan God ons Vader dankie te kan sê vir Sy genade om hierdie projek so te seën. Ons dank ook aan NG Gemeente Elarduspark vir hulle volgehoue ondersteuning aan ons projek wat die oudste in die gemeente is.

Baie dankie ook aan elke opleier wat vrywillig bereid is om hulle tyd te gee aan hierdie besonderse projek. Elkeen van die opleiers het 'n waardevolle bydrae tot die projek gelewer. Gelukkig kon ons weer vir Surina Marais terugverwelkom by ons groep. Almine Slabber het hierdie jaar by ons aangesluit. Ons is baie bly dat Irene Bester, wat 'n paar jaar weg was, ook weer by ons aangesluit het. Een van die vorige jaar se leerders, Grace Mapaila het ook besluit om ons te kom help.

Dit is baie lekker dat sy ons ook op daardie manier kan help. Ria Thomaidas en Anna Radebe het ons ongelukkig verlaat as gevolg van siekte

Thusanang is die bediening waar huishulpe leer om hulle eie en familielede se klere te maak. Die kursus word elke Donderdag gedurende skoolkwartale om 14:00 tot 16:30 in die Blousaal aangebied. Verslag oor die werksaamhede van Thusanang sedert einde Februarie 2024:

Die volgende sertifkate is aan die einde van 2024 aan leerders uitgereik, tydens die jaarlikse jaareindfunksie en modeparade.

Daar was 'n wesentlike verandering in die items wat hulle met trots vir ons en hulle werkgewers geparadeer het. Ons opleiers het beslis hard gewerk.

1ste jaars – 6 leerlinge onder leiding van Irene Bester, Alimine Slabber en Anna Radebe.

2de jaars – 8 leerlinge onder leiding van Alison Teal .

3de jaars – 6 leerlinge onderleiding van Ria van Vuuren.

4de jaars - 4 leerlinge onderleiding van Anita Mienie.

5de jaars – 3 leerlinge onderleiding van Merle Lotz.

Hannetjie van Zyl behartig die finansies en die regmaak van masjiene. Sy bied hulp aan waar en wanneer nodig. Aan die einde van die jaar is 21 masjiene uit die begroting gediens, wat slegs die masjiene in gebruik was en die omkapmasjiene wat die vorige jaar nie gediens is nie. Verder het ons 'n kleinkas wat bestaan uit leerders se ledegelde asook van die verkoop van ouer masjiene waarvoor die onderdele moeilik is om te vind. Die verkoop van oortollige materiaal wat geskenk is vul ook ons kleinkas aan. Uitgawes soos aankoop van materiaal en ander benodigdhede word hieruit betaal. R2099.50 is uit die kleinkas oorgedra na 2024. Die verkoop van geskenkte materiaal, wat teen 'n minimale bedrag verkoop word, is in lyn met die idee dat hulle nie alles gratis kry nie, maar die verantwoordelikheid moet hê om te gee en te ontvang. Die begin van 2025 het weer suksesvol begin.

1ste jaars – 7 leerlinge onder leiding van Irene Bester en Alimine Slabber.

2de jaars – 5 leerlinge onder leiding van Anita Minnie .

3de jaars – 4 leerlinge onderleiding van AlisonTeal.

4de jaars - 6 leerlinge onderleiding van Ria van Vuuren.

5de jaars – 4 leerlinge onderleiding van Merle Lotz en Grace Mapaila

## 4.3.3 Huiswerkerbediening

**Vir vroue-huiswerkers**

Berading, Geestelike verryking, 'n Geleentheid vir rus, Bemagtiging

**Dag-byeenkoms**
18 Mei '24
30 dames

- Tharis Moloko deel 'n boodskap van hoop
- URCSA Choir Light of Hope bedien met sang
- Testament inligtingsessie deur gemeentelid
- Middagete geskenk deur bedieningspan

**Kamp**
8 tot 10 Nov '24
55 dames

- Toewydingsessie met Siya (Doxa Parkview)
- Laataand lofprysing met Elim Full Gospel Church groep
- Maaltye van gemeentelede, selgroepe & mense van buite die gemeente
- Kuiertyd saam met verf handwerk
- Oefensessie saam met Sune von Stade (arbeidsterapeut)
- Inligtingsessie oor angs en depressive (Humanitas)
- Nagmaaldiens deur Ds. Tharis Moloko





Hierdie bediening is gemik op vroue-huiswerkers. Die oorsponklike doel van die bediening was om die dames spesiaal te laat voel deurdat hulle weet die gemeente sien hulle behoeftes raak en waardeer hulle. Die bediening het egter uitgebrei tot die "3 Bs":

- **Berading** en geestelike verryking
- Uitreiking in die vorm van 'n **bederf** ('n geleentheid vir rus en 'n plek van vrede)
- **Bemagtiging**

Die dagbyeenkoms het plaasgevind op 18 Mei 2024, en is bygewoon deur bykans 30 dames. Ds. Tharis Moloko het 'n boodskap van hoop met die vroue gedeel, en die dames is in lofprysing gelei deur die URCSA Choir Light of Hope. 'n Inligtingsessie oor testamente en lewensversekering is deur Jolene de Beer aangebied, en middagete is bedien.

As gevolg van reëlings met die kampterrein, is die kamp hierdie jaar vir die eerste keer van 'n Vrydag tot 'n Sondag aangebied (voorheen was dit slegs van 'n Saterdag tot 'n Sondag). Die kampaanbieders was verras om te sien hoe hierdie verlenging van die kamp groot opgewondenheid ontlok het, en so is die kamp van 8 tot 10 November 2024, bygewoon deur 'n reuse 65 dames! Sewe dames was direk betrokke by die organisering daarvan en selgroepe en lede van ander gemeentes het bydraes gelewer. Heerlike maaltye is voorberei deur Ida Potgieter en selgroepe.

By die kamp het die Humanitas beradingsgroep 'n werkswinkel oor angs en depressie aangebied. Vir die handwerkprogram kon die dames gesellig saam verf aan "inspo stones". Sune von Stade (arbeidsterapeut) se oefensessie was soos altyd 'n groot treffer. Saterdagaand het 'n gospel groep van Elim Full Gospel Chruch die dames bedien met lofprysing en aanbidding tot laataand! Pastoor Sandile van Doxa Deo Parkview het die Saterdagoggend se toewydingsessie gelei, en ds. Tharis het Sondag se nagmaaldiens gelei.

### 4.3.4 Opleiding aan huiswerkers in basiese pasiëntesorg

As 'n uitvloeisel uit die Kompasbediening, het Kenau Swart en Annamarie Fischer begin om huiswerkers van die omgewing op te lei in basiese gesondheidsorg. Dit bied aan die huiswerkers 'n geleentheid om hulle vaardighede uit te brei, en ook hulle kans om werk te kry, te vergroot. Die gemeenskap vind ook baat omrede die werkgewers iemand in diens neem wat meer kan doen as die gewone huiswerker. Wanneer 'n siek of bejaarde ouer of ander gesinsgenoot versorg moet word, het hulle die gemoedsrus dat die helper opgelei is.

Drie (3) opleidingsgeleenthede in Basiese Gesondheidsorg is aangebied. Twee-en-twintig (22) persone het die 3-dag kursus voltooi. Hierdie kursus is oorspronklik ontwikkel met die oog op die beter toerusting van huiswerkers om hulle bejaarde/siek werkgewers by te staan. Toenemend woon "blanke" persone wie se ouers of geliefde siek is, hierdie kursus by. Kursusgangers sluit persone van beide geslagte in. Die terugvoer na afloop van elke geleentheid is oorweldigend positief.









## 4.4 Uitreik na ander gemeenskappe

### 4.4.1 !Khomani Uitreik

Die gemeente reik sedert 2006 jaarliks uit na die !Khomani San gemeenskap, die oorspronklike inwoners van ons land. Alhoewel die !Khomani sedert 1999 gevestig is op ses plase naby Askham in die verre Noordkaap, leef hulle steeds in uiterste armoede met beperkte toegang tot basiese hulpmiddels soos water en geen elektrisiteitsvoorsiening.

Dit is goed om te sien dat dit wel beter gaan met die gemeenskapslede en ook dat hulle uitsien en opgewonde is oor ons jaarlikse kuier saam met hulle.

Die 2024 !Khomani San uitreik was 'n baie spesiale geleentheid vir ons gemeente. Daar was groot belangstelling in die uitreik en het 38 lede die reis na die Kalahari meegemaak. Die span sluit gesinne, jongmense en kinders van ons gemeente en elders in. Ons is opgewonde dat daar na soveel jare nog steeds groot belangstelling in die uitreik is.

Die voorbereidings vir 'n uitreik word oor verskeie maande gedoen en behels die beplanning van programme vir kinders, handvaardigheidsprogramme vir volwassenes en die pak van geskenkte klere. 'n Groot groep gemeentelede word betrek met die voorbereiding vir 'n uitreik, wat die insameling en verpakking van genoegsame voorrade moontlik maak.

Kerkdienste en vroue-programme is op elk van die plase aangebied. Die programme vir die kinders en handvaardigheidsprogramme vir die vroue was weereens baie gewild.

Daar is ook aandag aan die tieners gegee wat Bybels ontvang het en van die manne het die geleentheid gehad om hul uitdagings en moontlike geleenthede met die uitreikers te bespreek.

Almal is bederf met 'n iets spesiaal. Daar was veral baie uitgesien na die konsert waaraan uitreikers en gemeenskapslede deelgeneem het.

Medihelp, met hulle "MyWalk" inisiatief, het 100 paar skoolskoene aan die leerders van Andriesvale geskenk. 'n Verteenwoordiger van Medihelp, Carina Groothof, het die skoene oorhandig.

Soos in die vorige jare is baie kos vir die diere saamgevat en uitgedeel en baie diere is ingeënt. 'n Veearts het weer by ons groep aangesluit en 60 van die troeteldiere is gesteriliseer op aanvraag van die gemeenskapslede.

### 4.4.2 Personeeluitreik op Mandeladag

Die NG Elarduspark en CMR Elarduspark se personeel was dankbaar om weer 'n uitreik te kon doen vir Mandeladag gedurende 2024.

Die Jakaranda kinderhuis is besoek deur die personeel. Daar is eers gekuier by Huis 13 saam met die huisouers, Anton en Zelda van Deventer. Hulle is bederf met 'n geskenkbewys vanaf die personeel. Hulle het meer vertel van die funksionering van die huis en die personeel het die geleentheid gekry om te leer van die behoeftes en uitdagings in die huis.

Na verversings geniet is, het Anton die personeel op 'n toer deur die kinderhuisgronde geneem. By die klerestoor het die personeel klere geskenk. Daarna het die personeel 'n gesprek gehad met die kinderhuisbestuurder wat vertel het hoe die kinderhuis funksioneer.

## 5 AFSLUITING

As daar teruggekyk word oor die jaar wat verby is, kan daar net dankbaarheid wees teenoor 'n gemeente wat uitreik na mense in nood en mekaar dien met gawes. Die groot hoeveelheid gemeentelede wat as vrywilligers deel vorm van die Missionale Liefdesdiens, maak dit vir NG Elarduspark moontlik om projekte aan te pak om nood te verlig waar daar aanvraag is. Dan is daar ook die gemeentelede wat self eie inisiatief neem om 'n verskil te maak en behoeftes aan te spreek waarvan hulle bewus word. Dit is voorwaar 'n voorreg om deel te wees van hierdie gemeente en haar mense.

NG Elarduspark wil elke vrywilliger en personeellid opreg bedank wat die afgelope jaar by die Missionale Liefdesdiens bedieninge en projekte betrokke was. Saam is daar weereens 'n groot verskil gemaak in talle volwassenes, kinders, bejaardes en selfs diere se lewens.

Dr. Lieze Meiring (Voorsitter)

Me. Anel Roux (Maatskaplike werker)